higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

(8021014)

4 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

296Q1N2004

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord alle vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord slegs EEN vraag in Afdeling D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat ’n reël oop en trek ’n streep oor die bladsy ná elke voltooide vraag.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

A Die regstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, is inkwisitories.
B Die regstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, is akkusatories.
C Die regstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, is reseptories.
D Die regstelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, is strafopleggend.

1.2 Voltooi die volgende stelling:

Gewoontereg is ...

A ’n primêre regsbron.
B ’n sekondêre regsbron.
C ’n gevestigde regsbron
D ’n bron van internasionale reg.

1.3 EEN van die volgende stellings is verkeerd:

Bloedmonsters kan slegs deur ’n … geneem word.

A mediese dokter
B verpleegster
C mediese beamptes
D polisiebeampte

1.4 Watter stelling is verkeerd?

Ingevolge die Strafproseswet, 51 van 1977, soos gewysig, mag vinger-, palm- en voetafdrukke deur ’n … geneem word.

A polisiebeampte
B speurder.
C SAPD-hondehanteerder.
D sekuriteitswag.

1.5 Watter stelling is verkeerd?

Daar is verskillende vorms van getuienis, naamlik ...

A direkte getuienis.
B tersiêre getuienis.
C primêre getuienis.
D sekondêre getuienis.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Inkrimineer	A	kenmerke van effektiewe herintegrasieprogramme
2.2	Residivisme	B	verskeidenheid regte en behoeftes van en dienste aan slagoffers van misdaad
2.3	Amnestie	C	daarop gerig om ’n oortreder as ’n wetsgehoorsame burger na die gemeenskap terug te bring
2.4	Herstellende geregtigheid	D	om iets goed te maak, vergoeding te reël
2.5	Versoening	E	toestaan van bepaalde tydperk van spesiale remissie deur die staatspresident
2.6	Restitusie	F	om onder eed leuens te vertel
2.7	Slagoffer se regte	G	om te impliseer dat iemand skuldig is
2.8	Herintegrasieprogram	H	gebaseer op ingrypings wat gevangenes toerus met vaardighede en kennis wat hulle in staat stel om die gemeenskap in sy normatiewe sin waar te neem
2.9	Veelvuldige fokus	I	om vrede te bewerkstellig tussen mense wat vervreem was of mekaar benadeel het
2.10	Meineed	J	om weer misdaad te pleeg
		K	die proses en handelinge om seker te maak dat die gevangene gereed sal wees om in die gemeenskap vrygelaat te word

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 'n Beëdigde verklaring is noodsaaklik om te verseker dat 'n lasbrief uitgereik kan word, indien nodig.

3.2 Vier belangrike ervarings wat bydra tot 'n toename in spanning wanneer 'n aangehoudene in die gevangenis opgeneem word, is skok van opname, verlies van eksterne kommunikasie, verlies van stabiliteit en verlies van menslike aktiwiteite.

3.3 Aangehoudenes in Suid-Afrika het geen regte in die gevangenis nie. 

3.4 Aangehoudenes wat gevonnis is, moet afsonderlik van ongevonniste aangehoudenes aangehou word.

3.5 Manlike en vroulike aangehoudenes moet afsonderlik aangehou word.

3.6 Die doel van herstellende geregtigheid is om die gehalte van geregtigheid wat deur sowel slagoffers as oortreders ervaar word, te verbeter.

3.7 Ten einde herstel te laat plaasvind, behoort slagoffers nie die keuse te hê om by die strafregproses betrokke te wees nie.

3.8 Die herintegrasieteorie van straf is gebaseer op twee morele uitgangspunte, naamlik dat dit beter vir individue is om deel van 'n gemeenskap te wees en die gemeenskap behoort nagestreef te word wanneer dit afwesig is.

3.9 Ingevolge die Wet op Korrektiewe Dienste Wet No 111 van 1998, is die Departement van Korrektiewe Dienste verplig om ongeletterde gevonniste gevangenes en jeugdiges van opvoedkundige programme te voorsien.

3.10 'n Gevangenis is 'n plek om misdadigers op die straat te hou. 

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Persoon wat weens misdaad gely het.

4.2 Persoon wat ’n voorval waargeneem het of wie se getuienis die elemente van ’n misdaad bevestig.

4.3 Dokument waarin besonderhede van ’n aanklag gegee word. Hierdie term word in die laer howe gebruik.

4.4 Persoon wat ’n misdaad by die polisie aanmeld.

4.5 ’n Vorm van toesighouding van toepassing op ’n oortreder in die gemeenskap nadat hy/sy ’n spesifieke deel van sy/haar vonnis in ’n korrektiewe sentrum uitgedien het. (5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Alle misdade wat by ’n polisiekantoor aangemeld word, hetsy die misdaad in daardie betrokke gebied gepleeg is of nie, moet op die Misdaadadministrasiestelsel (MAS) geregistreer word.

5.1 Verduidelik die prosedure wat gevolg moet word wanneer die MAS van lyn af is. (6)

5.2 Definieer die term *ongekodifiseerde regstelsel*. (2)

5.3 Hofverrigtinge kan in ’n amptelike taal opgeneem word.

Noem TWEE aspekte wat in hierdie rekords vervat kan word. (2)
[10]

VRAAG 6

6.1 Bespreek kortliks akkommodasie tydens ’n aanhoudingsproses. (6)

6.2 Die prosesse van die herstellende fase sluit die elemente van slagoffer-oortreder-bemiddeling (SOB) in.

Identifiseer en bespreek watter fases betrokke is by ’n basiese saakbestuursproses van SOB. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 7

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die publiek behoort te weet hoe om misdade aan te meld. Dit is ewe belangrik dat die polisiebeamptes moet weet hoe om die klaer te hanteer wat ’n misdaad aanmeld of daaroor navraag doen. Verklarings behoort in die misdaadaanmeldingstadium afgeneem te word. Die oortreder sal waarskynlik gevonnis word om ’n sekere tydperk gevangenisstraf uit te dien.

Bespreek TIEN voorwaardes wat verband hou met gemeenskapskorreksies kragtens artikel 52 vaan die Wet op Korrektiewe Dienste Wet No 111 van 1998. **[10]**

VRAAG 8

8.1 Noem die VYF dinge wat ’n polisiebeampte in gedagte moet hou wanneer ’n verklaring afgeneem word. (5)

8.2 Die afneem van verklarings maak ’n integrale deel van die ondersoekprosesse in die misdaadaanmeldingstadium uit.

Verduidelik *afneem van verklarings* en gee TWEE voorbeelde van persone wie se verklarings afgeneem mag word. (5)

8.3 Slagofferimpakverklarings word in die strafregsplegingprosesse benut en hou voordele vir voorsittende beamptes, slagoffers asook die strafregspleging-stelsel in.

Bespreek die voordele wat die slagofferimpakverklaring vir die strafregsplegingstelsel inhou. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 9

Die eerste mense van Afrika het volgens hul eie regstelsels, bekend as inheemse of gewoontereg, geleef.

9.1 Bespreek die VIER algemene kenmerke van inheemse reg. (8)

9.2 Onderskei tussen die akkusatoriese en inkwisitoriese regstelsels. (8)

9.3 Verduidelik waarom die promulgasie van die Grondwet 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse strafregsplegingstelsel is. (4)

[20]

OF

VRAAG 10

Om borgtog aan 'n beskuldigde toe te staan, is 'n alternatief vir verdere aanhouding ná inhegtenisneming.

Noem en bespreek die faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n aansoek om borgtog oorweeg word. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou